# Taffienuus Februarie 2023

**Beste Tafelberg- Fotografieklub-lede**

Februarie was 'n woelige maand in ons klub gewees. Ons klub se salon "het gebeur" met baie mense wat baie hard gewerk het om die salon so goed as moontlik te bestuur. Ons het beurtkrag aan ons lyf gevoel met die klubkompetisie. Ons het ons eerste Hibriede byeenkoms (fisies en Zoom) in twee en half jaar gehad. Ons het ons eerste klub fotografie uitstappie van die jaar gehad. So dit was omtrent kophou dat alles so glad moontlik kan verloop! Baie dankie aan die bestuur vir almal van julle se harde werk. Dankie aan Mariana Visser, Philip de Lange en Andre se Koker vir die hantering van ons salon.

## 1. Maandkompetisie Februarie: Vaste tema = Abstrak

Baie geluk aan ons maandwenners!!

| | |
|---|---|
| **Maandwenner/Vaste kategoriewenner /Juniorwenner<br>Dixon Norval - Jetty Bar mural decay** | **2de plek Vaste Kategorie<br>Kobie Prinsloo- Lines** |
|  |  |
| **Wenner Ope Kategorie:<br>Andre de Koker- Die reën kom** | **2de Ope Kategorie:<br>Neels Beyers<br>Spiral staircase going up** |
|  |  |

## 2. Maart se byeenkomste

* Op 28 Maart is ons **kompetisie tema** "Scapes" en die sluitingsdatum is 22 Maart.

* Op 14 Maart is ons **vaardigheidsaand** 'n praktiese bespreking van foto's. Dan leer ons meer van mekaar wat ons kamera stellings vir sekere foto's betref en hoe beoordelaars na ons foto's kyk.

* Op 18 Maart het ons 'n **klubuitstappie** na Slangkop.

* Ons gee ook kennis dat ons **Algemene Jaarvergadering op 28 Maart om 19:00** via ZOOM is. Die nodige verslae sal betyds aan julle gestuur word.

## 3. Klubuitstalling:

Ons is besig om reëlings met Glen Carlo (wynplaas) se kunsgalery te tref. As ons goeie foto's instuur sal hulle ons uitstalling daar toelaat en ons ook help om pryse vir ons foto's te bepaal wat verkoop kan word. Ons vra vir elkeen om nie meer as 5 foto's vir die uitstalling op Photovault in te skryf nie. Ongelukkig weet ons nie watter foto's Glen Carlo gaan gebruik nie. Ons moedig egter almal aan om foto's in te skryf. Die sluitingsdatum vir inskrywings is 15 Maart.

## 4. Uitslae van ons landswye Klub Salon: Tafelberg 12de PDI en Print Salon

**Mariana Visser was ons salon direkteur. Sy skryf die volgende verslag:**

Ons salon was baie suksesvol gewees. In totaal het ons 4386 inskrywings gehad.

**Die 8 PSSA Silver medaljes (eerste plek in kategorie) was gewen deur:**

| **Category Name** | **Name** | **Title** |
|---|---|---|
| Visual Art - Colour | Johan van Aarde | The perfect swing |
| Landscapes - Colour | Cor Rademeyer | Wolkmassa oor Reine |
| Open Colour | Arthur Edward Ahrens | I onl have eyes for you |
| Open Monochrome | Peter van der Byl | Man and his dog |
| Human Portraits - Monochrome | Hannes Claassens | Rianica 7980 |
| Wildlife - Colour | Christo Giliomee | Roaring King |
| Prints - Open Colour | Kim Stevens | Lady of the Camellias |
| Prints - Open Monochrome | Kim Stevens | Calatrava Graphics |

**Die 8 TAF Silwer medaljes (2de plek in elke kategorie) was gewen deur:**

| **Category Name** | **Name** | **Title** |
|---|---|---|
| Visual Art - Colour | Theo Potgieter | Homeward Bound |
| Landscapes - Colour | Quintus Heine | Kosi Bay Jetty |
| Open Colour | Suzy de Beer | Kop bo water hou |
| Open Monochrome | Shirley Gillitt | Human Bicycle |
| Human Portraits - Monochrome | Leon Heyes | Leon in Black |
| Wildlife - Colour | Wally Tollemache | Group Huddle |

| | | |
|---|---|---|
| Prints - Open Colour | Rodney Cory | Africas Calling G 5 |
| Prints - Open Monochrome | Kim Stevens | Symmetry and Balance |

**Die 7 TAF Bronse medaljes (Beste Tafklub lede in elke kategorie)was gewen deur:**

| Category Name | Name | Title |
|---|---|---|
| Visual Art - Colour | Dixon Norval | Precious Metal |
| Landscapes - Colour | Lee Tarleton | Table Mountain blues |
| Open Colour | Mariana Visser | Dry Anthurium |
| Open Monochrome | Phillip de Lange | Hot wiring |
| Wildlife - Colour | Adriaan van Zyl | Bielie van n vis |
| Prints - Open Colour | Dixon Norval | Forgotten Window PC |
| Prints - Open Monochrome | Thomas Bothe | Cannon Hinge (mono) |

Let wel –as jy silwermedalje gewen het, kan jy nie bronsmedalje ook ontvang nie

Al die foto's kan gesien word op die PSSA webwerf - Photographic Society of South Africa (pssa.co.za)

**Ons sal 'n hybriede uitstalling hê op die 14de Maart, uitnodiging is reeds uitgestuur.**

## Ons klublede se uitslae was soos volg:  72 toekennings !!

| Naam | Aanvaardings | Plus Ander Toekennings |
|---|---|---|
| Mike Barkhuysen | 3 | |
| Neels Beyers | 4 | 1x COM |
| Thomas Bothe | 3 | Brons medalje |
| Andre De Koker | 2 | |
| Louise De Lange | 1 | |
| Phillip De Lange | 4 | Brons medalje |
| Christo Giliomee | 3 | PSSA Silwermedalje |
| Quintus Heine | 3 | Silwermedalje |
| Nick Joubert | 1 | |
| Dorian Newby | 1 | |
| Dixon Norval | 5 | 2x Bronsmedaljes; 1X COM |
| Marc Pentz | 1 | |
| Theo Potgieter | 2 | Silwermedalje ; 1x COM |
| Kobie Prinsloo | 1 | |
| Frank Smith | 1 | |
| Lee Tarleton | | Bronsmedalje |
| Adriaan Van Zyl | 4 | Bronsmedalje ; 1x COM |
| Karen Van Zyl | 5 | |
| Judy Visagie | 1 | |
| Mariana Visser | 10 | Brons medalje |
| Charl Tait | 3 | |
| | | |

Veels geluk aan al die wenners en baie dankie aan al die Taffies wat deelgeneem het

## 5. Klub prestasie:

- **Een lid het die maand sterbevordering ontvang**:

  Kobie Prinsloo is nou 3 ster

- **Twee lede het in Feb. 2023 hulle "PDI LPSSA Honours" verwerf!!**
  Quintus Heine - LPSSA- Colour
  Dixon Norval - LPSSA- Mono

## 6. Nuus Van PSSA

6.1 **IMAGE** : PSSA wil graag sy tydskrif "IMAGE " aan al die **PSSA lede** stuur. Om dit goedkoper te maak wil hulle dit vir die klub stuur dan kan dit by volgende byeenkoms uitgedeel word. As jy dit eerder persoonlik wil ontvang stuur asb. vir my na : tafklub@gmail.com jou naam en naaste postnet of jou straatadres. **Dit moet asb. voor die 11 de Maart aan my gestuur word.** As jy dit reeds op die PSSA webtuiste verander het- laat weet my ook asb.

6.2 Indien daar lede is wat hulp wil hê om vir honneurs in te skryf kontak Nicol du Toit nicol@sportstrader.co.za

## 7. Ander Nuus:

7.1 Nicol du Toit het laat weet dat die mense wat wil inskryf as fotograwe by die "Cape 1000 classic car race" dit kan doen voor 16 Maart by https://forms.gle/9jy4kkvHkKjp6eY38

7.2 Neels Beyers neem 'n toer na Namibië: 16-28 Julie . Kontak hom by beyersneels@gmail.com. vir meer besonderhede.

7.3 Ons klub het 'n aantal erelede. Hulle is permanente lede van die klub en sal altyd korrespondensie ontvang. Verlede jaar se bestuur het wel besluit dat daar nie meer nuwe erelede bygevoeg sal word nie.

7.4 Indien enige lid agterkom dat jy nie op ons Tafklub Whatsapp groep is nie- laat weet asb. vir Karen op tafklub@gmail.com

7.5 Kyk gerus op ons webtuiste www.tafklub.co.za Die nuwe webtuiste kort nog 'n werk, maar dit is reeds lewendig. Let net daarop dat dit tyd sal neem om weer baie foto's op korrekte plekke te plaas.

## Ten slotte:

Mag Maart vir julle elkeen 'n lekker foto maand wees –

**Onthou : Neem baie foto's !!**

Vriendelik Groete

**Quintus**